

**Skriflesing:** Openbaring 12: 5- 17 (1933 – '53 Vertl)

Teks: **Openbaring 12: 10-12**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 89:2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 18:1,8; Ps. 40:4; Ps. 128:4; Ps. 45:1,3,9; Ps. 145:1,3,12**

**Openbaring 12: 5- 18 (1933 – '53 Vertl)**

**Rev 12:5** En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.

**Rev 12:6** En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.

**Rev 12:7** En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;

**Rev 12:8** en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.

**Rev 12:9** En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

**Rev 12:10** **Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.**

**Rev 12:11** **En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.**

**Rev 12:12** **Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.**

**Rev 12:13** En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolgt wat die seuntjie gebaar het;

**Rev 12:14** maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.

**Rev 12:15** En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.

**Rev 12:16** En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.

**Rev 12:17** En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooi van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

**Rev 12:18** En ek het op die sand van die see gaan staan.

**Skriflesing:** Openbaring 12: 5- 17 (1933 – '53 Vertl)

Teks: **Openbaring 12: 10-12**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 89:2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 18:1,8; Ps. 40:4; Ps. 128:4; Ps. 45:1,3,9; Ps. 145:1,3,12**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons vanuit hierdie hoofstuk dit

gehad dat alles begin by die vrou en eindig ook weer by die vrou. Die vrou is 'n besondere

figuur in die hoofstuk maar die Een om Wie dit werklik vandag by hierdie doop vir ons om moet

gaan is dié Kind wat gebore is. Watter besondere gebeurtenis om by die aanskoue van 'n

seuntjie wat so pas gedooop kon word van die een kindjie te mag oorbeweeg na die ander

Kindjie... Van Hom Wie daar in vers 5 geskrywe staan- *5 En sy het 'n manlike kind gebaar, wat*

*al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.*

Daar staan besondere groot dinge rondom hierdie Kind wat gebore is, mooi dinge, groot dinge.

Die feit dat sy 'n manlike kind gebaar het, Hy sal die nasies met 'n ystersepter regeer maar staan

hier ook God het hierdie Kind, ja Hy is God se Kind, weggeruk na Hom toe.

In hierdie wegruk is daar 'n besondere ingrype in die Kind van God se lewe, maar besef ons dat elke keer as ons ook 'n kindjie doop spreek dit ook van 'n besondere ingrype van God in ons en ons kinders se lewens. Doop is 'n gebeurtenis wat dui op iets baie groter as net 'n paar druppels water. Doop is 'n ingrype van God in ons en ons kinders se lewens, inderdaad is dit iets van 'n regeringsverandering elke keer as 'n kindjie gedoop word. Die Satan wat oor ouers en kinders wil regeer, ja in 'n groot mate kry hy dit ook reg, maar wanneer daar by die wáre betekenis van die doop uitgekom word, is dit inderdaad 'n heerskappy-verandering wat plaasvind. Jesus wat hierdie kindjie ook vandag wou neem en sê – JY IS MYNE! Deur die water van die doop en die bloed van die dood van Christus mag die gedoopte kind vandag gesien word as God wil hom opneem in die ryk wat aan Hom behoort. Die kind behoort aan die Here!

\*\*\*

Daarom is dit geen ligtelike gebeure wat hier in Openbaring 12 aan die gebeur is as ons vir 'n tweede Sondag weer hierby mag uitkom nie. Alles gebeur te midde van baie magtige dinge. God wat sy Kind wegruk, alreeds 'n magtige ingrype van God, maar in dieselfde hoofstuk gebeur 'n verdere magtige gebeurtenis wat ons ons die implikasies by vandag se doop ook op 'n manier moet probeer indink. Daar het oorlog in die hemel gekom. Die laaste amper 3 weke is ons dag na dag blootgestel aan die verskrikking van oorlog. Ons sien dag na dag die vernietiging, die trauma, die tranes, dié liggaamlike dood, oorlog doen dit alles, ja vir my onverstaanbaar dat mense by so 'n punt kom. Uit God se Woord mag dit wat vir ons onverstaanbaar lyk te wees tog by 'n punt kom wat ons nie kan sê ek verstaan nie, maar tog moet ek weet dit gebeur. Ek moet dit te wagte kan wees, daarop voorbereid kan wees. Hoe duidelik en op baie plekke het ons al in die reeks uit Openbaring moes hoor en dit te wagte moet wees dat die wêreld deur baie oorloë sal gaan. Daar was dan oorlog in die hemel daarom soveel te meer hoe sal die aarde ooit oorloë kan vryspring?! Die hemel wil ons tog aanvaar van vrede en rus en toe kom daar 'n oorlog. Die duiwel wat Jesus agterna wou jaag maar God se engele het hom voorgekeer. Migael, ja die naam Migael beteken *wie is soos God...* ja Migael en sy strydengele (strydengale as ons dit letterlik vertaal beteken vlamwerpers) hierdie vlamwerpers het oorlog teen die duiwel gevoer. God se Kind is veilig. Die duiwel het die hemelse stryd verloor maar nou gebeur vir ons wat nog op aarde is die vreeslike. Ook deel van die wêreld van verskrikking waarbinne vandag 'n kindjie gedoop is. Die duiwel is na die aarde neergewerp. God se Kind is weggeruk en die duiwel is

neergewerp. Albei is kragdadige aksies. Die hemel was verlos van alles wat duiwels is. Ons lees in vers 8 dat hulle plek was in die hemel nie eers meer te vinde nie. Hulle het daar geen plek meer gehad nie.

Na die volle oorwinning is die oorwinning in die hemel geproklameer. Hoe mooi staan die proklamasie in vers 10-12- *10 Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. 11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. 12 Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.*

\*\*\*

Die hemele is bly maar op die aarde het die dinge verander! Die aarde het nou die duiwel se plek geword. Verskriklik om te dink daar is aan Satan plek op hierdie aarde gegee soos wat die hel ook eendag die plek sal wees waar Satan en sy magte die laaste sal wees. Nou is die aarde sy plek! En dan kom die vrou weer ter sprake. Vers 13 maak dit baie duidelik. *13 En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het.* Die totale aanslag van Satan het nou verander. Ten diepste gaan die stryd van Satan nog teen die Here Jesus. Omdat Satan nie meer by die Kind kan kom nie, is dit wat vir Christus in sy koninkryk die naaste aan die hart lê sy Kerk, afgebeeld soos van die begin af in die vrou. Die Satan sal wil byt. Weer terug by Gen. 3:15. Satan wil die Kind sydelings seermaak deur die vrou te vernietig.

Satan weet hierdie vrou, die Kerk van ons Here Jesus Christus, soos in die Ou Testament, nog soveel meer in die Nuwe Testament het baie kinders. Ook hierdie kindjie wat vanoggend by die Kerk van ons Here ingelyf is. Ons besef dit is op ons, ons as eiendomsvolk van God, die Kerk van ons Here Jesus Christus, waarop Satan hom nou ten volle toespits. Dit is 'n desperate Satan waarmee die Kerk te make het, waarmee hierdie gedoopte kindjie ook in sy lewe mee gekonfronteer gaan word soos ons almal hierdeur gekonfronteer word. Daar waar Satan aanvanklik probeer het om die Kind te verslind nou gaan hy dit met die Here se Kerk wil doen.

Hy sal die Kerk wil verslind en dit is 'n werklikheid waarmee ons elke dag mee moet rekening hou.

Dit is die werklikheid van ons as Kerk se bestaan dag na dag te nouste raak. Satan wil verslind, wil afbreek, wil tot niet maak wat aan Christus behoort. As ons later ook sal kom by hulle wat baie nou met Satan saamwerk, die antichris en die valse profeet dan word die werklikheid 'n al hoe groter bedreiging. Die valse kerk word later die ware Kerk se grootste vyand en laat ons ons nie hiermee misreken nie ... daar is baie valse kerke in die wêreld, derduisende soos wat daar baie skynengelowiges, skynchristene in hierdie wêreld is! Dis hierdie valsheid waar die valse kerk later in Openbaring 17 as 'n prostituut voorgestel word wat ons al meer katvoet moet wees. Die antichris is 'n noue bondgenoot van Satan. Soos Thessalonicense dit stel waar die antichris ook in besonder openbaar word, so is Openbaring in die res van Openbaring wat ons nog by moet kom ook besig om die antichris meer en meer aan ons te openbaar. In die 2de Thessalonicense brief hoofstuk 2:6-8 is daar 'n besondere werking wat aan ons beskryf word- *6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. 7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; 8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word ...*

Paulus het al baie goed ingesien en is aan hom geopenbaar wat die antichris nog in hierdie wêreld gaan regkry. Al wat hom nog teëhou is die feit dat daar nog evangelie-verkondiging plaasvind. Elke preekstoel vanwaar die evangelie nog suiwer gehoor kan word, is iets soos 'n padblokkade op die pad van Satan, maar wee die kerke wie se preekstoele nie meer blokkades vir Satan is nie, maar eintlik diensstasies. Wee die kerke wat eintlik in diens van die antichris en die valse profeet getree het. Ons moet besef daar is 'n geheime werking in hierdie wêreld en wie dit probeer ontken moet maar weer na die Woord van God opnuut luister. Die 2020-Vertaling stel dit ook duidelik vanuit 2 Thessalonicense 2- *7 Want die wetteloosheid is reeds in die geheim aan die werk, maar net totdat hy wat hom nog terughou, uit die weg geruim is. 8 En dan sal die wettelose mens geopenbaar word...* Ons tyd word gedra en gekenmerk deur uitermate wetteloosheid. Dit is alles deel van Satan se metodes en mondering wat ons direk raak.

Wetteloosheid rondom die huwelik en die gesinslewe, asof die huwelik maar menslik uitgedink is en 'n stuk lastige menslike konstruksie van ons tyd geword het. Saambly en voorhuwelikse seks word nou so alledaags soos dans, waar ons weet ons ouers en grootouers selfs oor dans hulle vrae gevra het. Ons vra nie meer vrae nie, want die seksuele rewolusie het ons gedagtes lankal reeds omgekeer.

Daar is al hoe meer teoloë wat beweer homoseksuele mense se openlik al meer uitdagende verhoudinge moet ook georden kan word asof Sodom 'n misgissing was toe God vuur en swaai op daardie promiskue plekke laat val het. Die vraag wat sekerlik ook al dringender in die ware kerke gevra sal moet word in watter mate het kerke wat al meer ruimte gee aan die idee van sog. "gay-huwelike" en sulke teoloë in hulle midde bly troetel nie tekenend van die valse kerk geword het wat in Openbaring 17 as die grootste prostituut tot uitbarsting sal kom. Die kerk wat die hoer gaan word moet ons op voorberei wees. Is u daarop voorbereid?

Die kerk in haar vroulike voorstelling nl. God se vrou word 'n prostituut maar laat ons eers by die vrou bly vir wie God in Christus waarlik lief is nl. sy ware Kerk. Die Kerk wat in Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis op 'n besondere wyse bely word en waarvolgens Artikel 28 ook in die NGB dit duidelik stel, dat elkeen is verplig is om by die openbaring en die openbaarmaking van die ware Kerk sigbaar aan te sluit.

Die Kerk in Openbaring 12 voorgestel as die besondere vrou vir wie God al vir baie eeue, ja al vir langer as 2000 jaar na Christus steeds besondere beskerming bied. Sy word van verskeie kante op 'n besondere wyse beskerm. Watter troos mag dit nie ook vandag nog vir ons wees nie. Sy moet vlug, die woestyn in, maar sy ontvang in haar vlugtog vlerke. Ons lees in vers 14 - ... *die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.* Die ware Kerk moet vlug. Dit sê al aan ons in die wêreld sal ons vluggend wees, sal ons woestynkerk wees. Om te vlug is dikwels teken van ek erken ek het nie genoeg krag nie. Ek moet maar padgee vanwaar die groot gevaar reeds is. Ons besef ons as kerk het uit onself nie veel krag nie. Ons moet in baie opsigte maar vlug maar dan besef ons hierdie praat die Here ook weer met ons in die woorde van die apostel Paulus dat wanneer ons swak is dan is God sterk. Daar is nog 'n

dieper kant as God aan ons sê dat sy krag word in ons swakheid volbring. Dit sien ons ook hier. Al waar ons krag kan kry is in ons twee vlerke, wel arendsvlerke genoem. Sommige verwys hier na die krag van geloof en gebed. Dit kan wees dat die twee vlerke van die ware kind van God lê in die geloof, lê in die gebed.

Wonderlik om met sulke vlerke in die woestyn van kerk-wees te mag bly vlieg. Mag geloof en gebed ook eendag hierdie gedoopte kindje van vandag se vlerke wees, inderdaad arendsvlerke. Vlerke van die groot arend waar die vrou in die woestyn kan vlug en sy daar onderhou word. Mag ons dit nie mislees nie, daardie 1260 dae of 42 maande of tyd, tye en 'n halwe tyd is die krag van die vlerke nooit ingekort nie.

Ons het gelees dat die kerk *word uit die gesig van die slang onderhou*. Die 1983 vertaling stel dit dat hierdie hele vasgestelde tyd word sy weg van die slang af, versorg. Die 2020 vertaling sê ook sy word die hele tyd weg van die slang af versorg. Dit beteken nie dat die slang die vrou nie kon sien nie. Hy kon haar goed sien maar ons glo God hou die Satan van haar af weg sodat hy haar nie kon verskeur en verslind nie. As ons later by 'n baie moeilike deel in Openbaring kom wat in sommige kringe as 'n tipe chiliastiese beskouing hanteer word dan moet ons wel dit oorweeg die feit dat God Satan van die vrou af weghou kan by Openbaring 20 aansluit dat dit dui op die duisendjarige binding van Satan.

Dei Satan probeer 'n tweede baie gevaarlike poging wat die kerk in haar woestynlewe direk raak. Die mees gesogte en waardevolle kommoditeit in die woestyn is sekerlik water. Sonder water kan niks groei en lewe nie. Die duiwel weet dit so goed. Ons lees Satan se verdere optrede terwyl God sy kerk versorg, ja sy word onderhou uit die gesig van die slang kom Satan en hy het *'n stroom water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, sodat sy deur die stroom meegesleur kon word ...* Besef u wat hier gebeur. Dis wanneer kerk-wees in die woestyn deur Satan gevaar kan word. Gee haar water, maar dis duiwelse water.

Maak kerk-wees maklik en lekker. Dit moet mos vir die mens aangenaam wees. Al is dit 'n woestyn-bestaan kom die duiwel en hy wil ons as Kerk laat glo ons moet die woestyn uit ons bestaan wil haal. Pas maar net bietjie aan by hoe die wêreld dit wil hê dan is daar mos nie moeilikheid nie. Die water uit sy bek kan baie dinge verander wat die woestyn 'n baie mooier en

lekker plek laat lyk. By al die dinge wat Satan so gevaarlik maak is die feit dat hy mense kan verlei steeds deel van sy metodes. As Satan dit nie kan regkry om die Kerk te verslind nie, want God beskerm sy Kerk. Nou wil hy die kerk verlei! As sy water-strominge die kerk weggevoer kan kry uit die werklikheid van ons woestyn-bestaan is die vraag vir die ware kerk vandag – wat kan dan nou beter? Dit is mos nie lekker om die woestyn in kerk-wees te moet deurgaans nie.

Maak meer soos die wêreld, ja word wêreldgelykvormig dan sal jy dalk meer geld kan kry, jou getalle sal styg. Jy sal jou al meer neerlê by die smaak van soveel meer mense. So maklik kan die kerk op sleeptou geneem word. Kerke van ons tyd wat stukkie vir stukkie aanpas by die tydsgees waar menseregte en die sg. menswaardigheid van alle mense belangriker sake geword het as dit wat in die Woord van die Here staan.

Dit waarmee ons vandag kan afsluit is die Here wat weereens ingegryp het en dit deur die aarde. Hier staan nie dat die Here die vrou te hulp gekom het nie, maar dat die aarde die vrou te hulp snel - Ons lees ... *16 En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.* Ons besef dit is God wat help maar Hy gebruik die aarde om te help. Die kerkgeskiedenis is vol van hoe God al so baie keer vanuit die aarde gehelp het. Een voorbeeld. Baie van ons voorouers was Franse Hugenote. Die Hugenote in Frankryk moes vlug vir hulle gereformeerde of protestantse geloof. Dit het gelyk of die draak die kerk gaan laat meevoer deur die rivier in Europa agter haar uit te gooi. Tog het God die aarde oopgemaak en die rivier opgeslurp want met die geskiedenis van die Hugenote het die Duitse kanselier en die Franse koning aanvanklik goed saamgewerk om die Protestante vir hulle geloof uit te roei. Toe kom daar 'n hewige rusie tussen die twee wêreldleiers, tussen Frankryk en Duitsland en die kerk het weer kon aangaan. Wie werklik in die geskiedenis na nog sulke voorbeelde soek sal op baie interessante en aangrypende voorbeelde in die verband kan wys.

Ons besef God help ons sodat ons gehelp kan word. God beskerm ons sodat ons as kerk ook onself kan beskerm. Die twee vlerke van die groot arend is aan ons gegee. Ook julle wat vandag julle seuntjie kon doop. Mag die geloof en die gebed ook in die lewe van die kindjie die vlerke van die groot arend word waarmee hy die werklikhede van Openbaring 12 kan hanteer.

Ons besef die Satan is vertoornd op ons as Kerk. Daarmee eindig Openbaring 12. Ook in wat ons vandag weer gedoen het. 'n Kindjie is in die Naam van die Drie-enige God gedoop. Wie die gebooi van God bewaar en die getuienisse van ons Here Jesus Christus in hulle harte hou gaan dit in hierdie wêreld nie maklik hê nie. Veral as ons dan nou nog verder met Openbaring sou gaan en die antichris en die valse profeet kom al duideliker na vore. Om dit te kon sien moes Johannes nie die kerk inkom nie, want hy is reeds deel van God se Kerk, maar hy moes op die sand van die see gaan staan.

AMEN